Ds. PJ Kriel 03.12.2023

Inhoud Die doop verseël aan ons en ons kinders dat ons deel in die allesomvattende liefde van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Die doop verseël dat in ons en ons kinders se vereniging met Jesus Christus as mens in die hemel het God ons in sy allesomvattende liefde uitverkies, ingesluit en is sy liefde gewaarborg. In die moderne Christelike bygeloof word die doop van kinders ‘n teken van God se afwesige en uitgestelde liefde – afwesig en uitgestel totdat kinders nie meer kinders is nie.

Skriflesing Romeine 11: 33- 36; Efesiërs 1: 1 – 14

Teks Efesiërs 1: 3 “Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in Christus geseën het met elke geestelike seëning in die hemel.

Tema Ons is verseël in die allesomvattende liefde van God

1. Gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees! So doop ons ons kinders en is ons self gedoop. Ons en ons kinders se doop is ‘n waarmerk van hoe God vir ons God is en hoe God ons sy kinders laat wees. Paulus vat alles wie die Vader en die Seun en die Gees vir ons is saam met die kort verklaring: uit Hom, deur hom en tot Hom is alle dinge.

Hierdie is nie sommer net ‘n algemene belydenis oor God as Skepper nie, maar is eerstens hier in Romeine ‘n verklaring oor God se allesomvattende liefde waarvan Paulus getuig het in hoofstuk 8: 39 niks in skepping kan ons van die liefde van God in Christus skei nie.

In Efesiërs 1: 4 stel Paulus dat God ons uitverkies het om in sy liefde te leef waarin ons in Christus vir sy liefde heilig en onberispelik is en in verse 13 en 14 stel dat hierdie allesomvattende liefde van God vir ons en ons kinders deur God self met die doop verseël en gewaarborg is.

So was ons gedoop en doop ons ons kinders – as waarmerk van God se allesomvattende liefde vir ons en ons kinders. Dit staan lynreg teenoor die waansinnigheid van vandag se geestelikes wat God se liefde altyd vir ons sy afwesige en uitgestelde liefde maak.

Die Here self maak van ouers se liefde vir hul kinders ‘n voorbeeld van God se liefde vir sy kinders in Mat. 7: 11 “ As julle wat sleg is, dan weet om goeie geskenke aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader in die hemel vir julle goeie dinge gee.” Ouers kies om hul kinders lief te hê, nog voor hulle gebore is en vandat hulle verwek is. Só behoort jy aan jou ouers,. Gekies en verwek vir hul liefde. Ouers het met hul kinders ‘n persoonlike verhouding vandat hulle verwek is, in die baarmoeder is en dan verder as hulle gebore word. Hulle persoonlike verhouding met hul baba is hoe sy persoon en karakter vorm. Ouers is die waarborg dat kinders alles sal ontvang wat hulle nodig het. Hulle liefde is volledig en allesomvattend.

So het God sy kinders lief, van voor Hy die skepping gemaak het en nog voor Hy hulle verwek het! Efe. 1: 4

2. In ouers kan daar nie ‘n afwesige en uitstaande liefde vir hulle kinders wees nie. Hulle kan nie kinders verwek met die houding hierdie kind nie nou aan my behoort nie hy of sy moet hom of haarself eers bewys nie. Nog minder kan hulle ‘n kind verwek met ‘n houding dat hulle geen persoonlike verhouding met hierdie kind het, voordat hy of sy nie eers hulle self in liefde kan gee nie. Nog minder kan ouers hulle krag reserveer en nie hul kinders se waarborg wees met die houding dat die kind eers self hulle krag kan aanvaar nie. Sulke ouers sal in die woorde van die Here slegte ouers wes wat nie wil of kan goed doen aan hulle kinders nie.

Wat se God is God vir ons en ons kinders in die baarmoeder en na geboorte? Sluit God ons en ons kinders van hul verwekking in sy allesinsluitende liefde in of laat God ons kinders in ‘n afwesige en uitstaande liefde leef?

Hulle is ingesluit in God se allesomvattende liefde – omdat God vir hulle die God is uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is. Uit God die Vader is alle geestelike seëninge, deur Christus die Seun is alle geestelike seëninge en al God se geestelike seëninge is tot sy lof en heerlikheid. Die Vader het ons en ons kinders in Christus geseën met al die seëninge van die Heilige Gees. (Efe. 1:3)

Ons en ons kinders is in die allesomvattende liefde van die Vader, alles is uit die Vader, die Seun, alles in in en deur die Seun en die Gees, alles wie ons vir God as sy kinders moet wees, is deur die Gees gewaarborg. (Efe. 1:14)

Uitverkies, ingesluit, gewaarborg! So is ons deel van God se alles omvattend liefde.

Uitverkies as kinders vir die omvattende liefde van die Vader om heilig en onberispelik in en vir sy liefde te wees. Die Vader het ons reeds voor Hy die skepping gemaak het voorbestem om ons as sy kinders aan te neem en sy kinders te lat wees. So is ons volledige kindwees van god sy besluit en sy voorneme. Ons kindskap is nooit uit onsself, deur ons eie voornemens, keuses en beskikking nie.

Niks van ons kindskap kom uit onsself nie. Alles wie ons in en vir God se liefde is, is uit God die Vader, Hy die bron en oorsprong van liefde – Jy omvou ons in sy liefde wat uit Homself is.

3. Ons en ons kinders deel in die volle seën en omvattende liefde van God - deur Christus. Alles wat die Vader besluit, bring Hy vir ons tot uitvoer deur sy Seun, Jesus Christus. Paulus wys in Efesiërs 1: 1 – 14 ons is in Christus uitverkies, deur Christus as God se kinders aangeneem, in Christus begenadig, deur Christus se bloed vergewe en deur Christus ‘n lidmaat van sy kerk.

Alles wat ons vir God moet wees, bewerk Jesus Christus vir ons deur sy geboorte, lyding, kruisiging, dood en opstanding. Christus sluit ons in en verenig ons met alles wat Hy as mens vir ons is, in ons plek. So deel ons in alles wat die Here vir ons bewerk het.

Niks van ons heiligheid, ons kindskap van God, ons begenadiging, vergifnis of lidmaatskap van die Here se kerk, word deur ons bewerk nie. Niks is deur ons of binne in ons nie. Alles is deur God, in Christus vir en met ons.

Alles wat ons vir God moet wees en doen, word deur die Heilige Gees gewaarborg – Hy sal dit in ons bewerk. Ons liefde, eer, dank, toewyding, lof en aanbidding van God is gewaarborg deur die Heilige Gees wat dit in ons en ons kinders skep as sy seëninge in ons tot lof van God en sy heerlikheid. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons en ons kinders God aanbid en liefhet net omdat Hy is wat Hy is - God wat ons omvattend en volledig liefhet.

Só word ons deur die Heilige Gees met die doop verseël.  Gedoop in die Naam van die Vader word verseël dat ons verkiesing en aanneming as kinders uit God die Vader is. Gedoop in die Naam van die Seun word verseël dat ons en ons kinders ingesluit is en verenig is met Christus en alles wat Hy vir ons bewerk het met Hom deel. Gedoop in die Naam van die Heilige Gees word verseël dat ons liefde vir en aanbidding van gewaarborg is. So is alles wie ons is tot lof van God.

Die doop met water is ons verseëling in die allesomvattende liefde van God.

4. Die geloofsprobleem in die christelike kerk wêreldwyd is dat God se liefde gepreek, geleer en geleef word as afwesige en uitgestelde liefde.

Dit word feitlik orals so gedoen. Hulle vertel dat God jou gemaak het en dat jy die eiendom van God is. Dit noem hulle sommer goedsmoeds " die verbond" waarin jou ouers jou sit. Maar dam preek, leer en leef hulle voor dat God die Vader nog nie jou Vader is nie. Voor God die Vader jou Vader kan wees moet jy eers vir God kies en aanneem en daarvoor gebruik hulle die teksvers Joh. 1: 12 op 'n verwronge wyse. Dan preek leer en leef hulle dat jy aan God behoort, maar dat God nie met jou 'n persoonlike verhouding kan hê voor jy nie eers vir Jesus in jou lewe ingenooi en met Hom 'n persoonlike verhouding het nie. Die vreemdste van hierdie afwesige en uitgestelde liefde is dat hulle preek, leer en leef dat al het jy met Jesus 'n persoonlike verhouding, is jy nog nie vervul met die krag van die Heilige Gees in jou lewe nie. Jy kan eers met die Gees se krag vervul word deur jou persoonlike oorgawe waarin jy niks meer self wil wees en doen nie.

Kom ons toets hierdie geestelikheid van God se afwesige en uitgestelde liefde met dit wat die Here noem ouers wat sleg is maar weet hoe om vir hul kinders goed te doen.

Geen ouer verwek kinders met die ingesteldheid " jy behoort aan my, maar ek kan nie vir jou pa of ma wees voordat jy nie my as jou ouer gekies en aangeneem het nie. Dit is waansinnig. Om ouer te wees is die omvattende liefde waarin ouers kinders verwek. Net so het ouers met hulle kinders 'n persoonlike verhouding vandat hul kindjie verwek is. Hulle praat en speel met en luister na die kindjie terwyl hy of sy nog in die baarmoeder is, en so leef hulle in hul persoonlike verhouding met hul kindjie as baba wat nie eers kan praat nie. Ouers is met alles wat hulle is die waarborg dat hul ongebore kind en babatjie leef in die volle vervulling van hul krag as ouers. Hulle beskerm, sorg, troos, lei en help met hul volle krag en vervul hul kindjie met hul krag om alles te wees wat hulle kan. Daar is nie so iets soos ouerkrag wat weerhou word totdat ;'n kind a tiener misluk en opgee en ouers dan eers  met alle krag hul kind ondersteun nie.

God is meer vir sy kinders as slegte mense vir hul kinders ouers is.

5. Volgens die geestelikes van hierdie wêreld is God se liefde afwesig en uitgestel vir ons kinders en daarom ook vir ons. Hulle God is jou Skepper maar nie jou Vader voordat jy hom nie kies en aanneem nie, is Jesus nie jou Here wat met jou ‘n persoonlike verhouding het voordat jy Hom nie innooi en deel maak van jou lewe nie en is die Heilige Gees nie vir jou die waarborg voordat jy nie die waarborg van ‘n algehele oorgawe aan God gee nie. So preek, leer en leef hulle ‘n god aan wie jy behoort maar jou nie as Vader kies en aanneem nie, as Seun met wie jy nie persoonlik verenig is en by wie jy persoonlik ingesluit is nie en daarom nie met jou ‘n persoonlike verhouding het nie, en ‘n gees wat vir niks ‘n waarborg is wat jy nie self moet waarborg nie.

Hierdie God van hierdie geestelikes is slegter as slegte ouers wat weet hoe om vir hul kinders goed te wees. Ouers wat kies om kinders te hê om in hul liefde in te sluit. Ouers wat kinders in hul moederskoot en as babas omsluit met hul persoonlike verhouding en ouers wat vir elke suig, kindergeluidjie, doekomruil, koppie optel, kruip en waggel die volle krag vir hul kinders is.

Dit is die God wie se liefde altyd vir ons kinders afwesig en uitgestel is wat die geestelikes met ‘n bekeringsdoop verseël. ‘n Bekeringsdoop verseël dat God die Vader nie vir ‘n gedoopte kind Vader is, voor hulle nie god aanneem nie. Dit verseël dat ‘n gedoopte kind nie met die Seun verenig en by ingesluit is nie voordat ‘n kind nie Jesus in sy of haar lewe innooi nie. Die grootste afwesigheid en uitgestelde liede is die van die Heilige Gees. Want die bekeringsdoop van geestelikes is nooit ‘n teken van die vervulling met die Heilige Gees nie. Hierdie liefde van vervulling met di Gees kan mense eers na hul bekeringsdoop kry wanneer hulle tot ‘n algehele oorgawe aan die mag van God kom – selfs in hulle bekeringsdoop is die vervulling met die Heilige Gees nie verseël met die doop nie. En na die krag van die Gees hou dit nooit op nie. Daar is altyd nog iets van God se liefde wat nog vir kinders van God uitstaande bly waarvoor geestelikes elke keer weer ‘n nuwe ervaring met God opdis. God se afwesige en uitgestelde liefde is altyd die krag van hulle eie geestelike waansinnighede.

Ons doop ons kinders met water en dra self die teken van ons doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees as verseëling van die omvattende liefde van God waarin ons ingesluit is, deel en leef. Ons glo in die vader se verkiesing en aanneming, glo in die seun se vereniging met ons ene glo in die krag waarmee die Heilige Gees ons vervul as waarborg vir ons aanbidding en liefde vir God.